## 3 Januarie Markus 4:35-41

### *Innerlike vrede dwarsdeur hierdie jaar*

Hierdie gedeelte waar ons Here die storm op die see van Galilea stil gemaak het, is seker een van die mees bekende gedeeltes in die Nuwe Testament. Wat 'n mens opnuut by die lees hiervan moet tref is die innerlike vrede wat ons Verlosser Jesus Christus tydens hierdie traumatiese gebeure uitstraal. Stel jou voor: 'n Taamlike platboom skuitjie (want dit was maar hoe die vissersbote destyds op die meer gelyk het) wat eintlik nie groot golwe nodig het om vol te spoel nie. Die dissipels, ervare vissermanne, sou sekerlik nie vir enige kleinigheid hulle Meester se rus versteur nie. Maar as hulle optree soos wat hier staan: Meneer, gee U dan nie om dat ons vergaan nie? Moet ons besef dat dit 'n uiters ernstige krisis is wat hom hier afspeel. En tog... ons Here het onder alles rustig gebly. Dit waar in sy dissipels (én ons) fouteer, bly nog altyd dieselfde: Waarom is julle bang? Het julle dan nie geloof nie? Ons moenie dat hierdie waarheid aan die begin van die nuwe jaar by ons verbygaan nie. Die situasie is NIE so buite beheer as wat jy en ek so maklik dink nie!

Ons is NIE op ons laaste tree in ons land, of in jou besigheid, of in jou studie nie! Kom ons begryp opnuut dat die Here ons juis hier leer dat ons nie ons eie oorreaksie en oordrewe ontsteltenis moet glo nie. Nee, kom ons glo eerder die Almag van ons God by wie niks onmoontlik is nie en wat vir ons alles ten beste beskik.

Ds. D. Laufs (Alberton-Wes)